# 1 Desember 2023 - Lesing 190 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

*Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

**'n Blinde geloof is waardeloos –** 23/2/61

**NO: 7834** Die mens moet glo, maar **hy moet nie blindelings glo nie.** Hy moet van alles wat van hom gevra word om te glo, deur sy gedagtes 'n standpunt inneem en dan **sy hart laat beslis** of hy dit aanneem of afwys. Dit verlang Ek van die mense, want Ek neem geen genoeë met 'n blinde geloof nie, wat beteken dat die wil gedwing word om die aansprake te aanvaar, terwyl van My kant **die wil van die mens vry is**.

Aan die wilsvryheid van die mens moet julle steeds dink en julle sal dan ook insien of 'n leer van My uitgegaan het, want van My af het julle mense die volste vryheid, van My kant word julle heeltemal geen gebooie gegee **behalwe die gebooie van die liefde nie, waarvan die vervulling egter ook die vrye wil vereis**.

Ek wil julle slegs in saligheid inlei en daarom laat Ek julle **steeds weer My woord toekom**. Ek onderrig julle en maak julle vertroud met geestelike goedere en weer staan dit julle vry om dit te glo of nie. Julle moet egter self 'n standpunt daaroor inneem, julle moet daaroor nadink en die goeie wil hê om die ware te erken en aan te neem.

Ek verlang ook nie dat julle blindelings glo wat julle nou deur My woord toegestuur word nie. **Maar, Ek verlang dat julle dit ondersoek voordat julle oordeel**. En na 'n ernstige ondersoek sal julle dit wat julle aangebied word, ook as waarheid herken en dan sal julle ook nie meer blindelings glo nie. Ek kan egter baie mense nie vryspreek van die fout om 'n leerstelling aan te neem sonder ondersoek nie en daaraan vas te hou, wat hulle by ernstige nadenke as onwaar sou moes ingesien het.

Baie mense neem met genoeë aan wat hul **deur tradisie oorgelewer word** en om daaroor na te dink sien hulle as verkeerd, omdat hulle so geleer was. Maar hoe wil hierdie mense hulself eens daarvoor verantwoord? **Elke mens het van My die gawe om te kan dink ontvang, maar gebruik hy dit?**

Waarom ondersoek hy aardse goedere op hul waarde en laat dit by geestelike goedere agterweë? Waarom beteken vir die individuele mens die heil van sy siel so weinig, sodat hy homself nie onrustig afvra of hy hom daarop kan verlaat wat vir hom as waarheid aangebied word nie? Waarom is hy so onverskillig teenoor die waarheid?

**Want waarlik, wie die waarheid begeer, die sal nie in die duisternis wandel nie**. Maar hierdie toestand van onverskilligheid is oral te vinde waar sonder nadenke en sonder ondersoek alle leerstellings aangeneem word, omdat dit van 'n bepaalde bron uitgaan, - **en juis hierdie bron nie deur My ontsluit is nie**, anders sou die mense in die waarheid gewandel het en die dwaling ook duidelik ingesien het, sodra hy sy standpunt daarteenoor bepaal het.

Julle neem egter sonder nadenke alles aan en glo blindelings en julle versterk daardeur die mag van hom wat My teenstander is, wat julle in die duisternis wil intrek of julle daarin wil hou.

**Julle het julle oorgegee aan 'n organisasie, maar nie aan My nie, Wie julle waarlik na die "lig" wil lei.** Maar julle wil is vry en daarom het Ek ook nooit met geweld te werk gegaan nie, maar het die beslissing aan julle self oorgelaat.

Soek julle My egter in alle erns, dan laat Ek My ook vind en ontsteek dan in julle 'n helder lig wat julle vir die aktiwiteite van My teenstander belig.

En elke mens kan in die lig staan, elkeen wat slegs lig begeer. Daartoe behoort egter **die ernstige wil om vry te kom van My teenstander**, maar dit vereis 'n noue band met My. En so moet julle julleself afvra of julle blinde geloof, soos wat dit voorgeskryf word, julle nader aan My bring.

Niemand wat hierdie noue band met My gesoek het, het met leë hande weggegaan nie. Want Ek openbaar Myself aan elke mens en skenk aan hom 'n lig wat vir hom die verdere weg verlig. **Want soek hy My, dan is in hom ook die liefde wat hom spoedig ook ware insig sal skenk.**

En dan sal hy ook dwaling van waarheid kan onderskei en hy sal nie meer blindelings glo nie. Die band met My sal hom bevry van My teenstander en dit sal vir hom dan nie meer moontlik wees om hom in die duisternis te hou wat eens deur die lig verlig was nie, wat hom gelukkig maak en sy verlange na lig nog groter maak. En die mens sal hom ook vrymaak van die invloed van hulle, **wat hulleself uitgee as My "ware verteenwoordigers" op aarde**, wat egter self nie in die waarheid wandel nie en haar daarom ook nie kan uitdeel nie en wat **geestelike dwang uitoefen** op hul aanhangers, wat egter nooit volgens My wil kan wees nie.

Want in die aardse lewe gaan dit om die vrye beslissing van die wil van die mens, wat egter deur hulle aan bande gelê word. Amein.